Sy kom skielik uit haar drankslaap en die pyn van haar kop is eerste in haar bewussyn, die seer van haar knieg, die reuk van sigarette, die smaak van ou wyn in haar mond.

En die verligting. Sy het gisteraand oorleef.

Die aand se brokstukke in haar kop: Die wyn, die dronklywe, glimlaggende gesigte, skinderstories, uittarting. Sulke ordentlike pilare van die gemeenskap. Rolmodelle?

Sy probeer regop kom, maar haar kop klop soos die Kaapse Klopse op Nuwejaarsdag. Sy maak weer haar oë toe.

Die sanger staan voor haar. “Jinne, Yolanda. Jy is ’n lyk. Kyk hoe lyk jy. Vir hoe lank gaan jy nog so aangaan?” Hy raas, maar die simpatieke stemtoon temper die harde woorde.

’n Beker koffie en twee aspiriene in sy hand. “Drink dit. Jy sal beter voel.” “Hoe het ons hier gekom?”

Hy lag saggies. “Onthou jy nie … teen drieuur vanoggend het ons almal besluit om na my huis toe te kom.”

Sy neem vinnig bestek-opname van die sitkamer. Die wynlyke … oorvol asbakkies … bierbottels wat trots hulle vleeslike lus verkondig.

Sy onthou.

Dit was Adam Tas se CD-bekendstelling. Sy het eers baie laat daar opgedaag, want die groep, ’n Man soos Jan, het ook hulle CD bekendgestel. Haar beursie en selfoon is by die bekendstelling gesteel. Die tweede keer die jaar.

“Al die shooters, goeie magtig. Wanneer gaan ek ophou?” kreun sy. “Dit is asof ek myself moet oorgee aan drank anders kan ek nie meer die partytjies bywoon nie. Altyd dieselfde gesigte. Dieselfde stories … dieselfde valsheid wat soos rooi lipstiffie uitstaan.

“Ek het al baie met Pieter baklei oor sy drankgewoontes, maar nou verstaan ek ook beter. Dit is sy manier om die vermaaklikheidsdruk te verwerk.”

Die sanger knik. “Wanneer laas het jy my by ’n partytjie gesien?” vra hy.

Sy dink ’n oomblik. “Lanklaas.”

“Ek woon dit nie meer by nie. Ek wil nie. Ek kan nie. Ek het genoeg gehad,” sê hy. “Irene spot mos dat almal in die bedryf alkoholiste is. Net sy erken dat sy een is. Die ander is te skaam om te erken dat drank die stut is wat hulle moet regop hou.”

Hy verander vinnig die onderwerp. “Het jy gesien Adam het ’n nuwe meisie?”

"Ek het haar ontmoet, bevestig sy … 'n skoonheidskoningin dié keer."

"Ek dink nie Adam is nog regtig oor Elizma nie," peins die sanger.

"En jy?" vra sy, "hoe gaan dit met jou loopbaan?"

"Ek probeer maar. Ek glo ek het lekker liedjies, maar die bedryf is baie stil. Ons almal sukkel maar om shows te kry. Maar eendag gaan ek nommer een wees."

"Ek wil nog 'n rukkie slaap. Sal jy so gaaf wees om my oor so 'n uur wakker te maak?"

Dit is 24 November 2008. Die jaar is besig om sy laaste asem uit te blaas. Nóg 'n jaar is amper verby. 'n Jaar wat haar doodgedruk het in soveel partytjies. Soveel skinderstories wat met die eentonige getiek van die klok gekom en gegaan het.

Die sanger begin kitaar speel. Saggies om haar nie te pla nie.

Maar hy weet en sy weet dat hy, afgesien van sy talent, nooit die trefferleer gaan klim nie. En dalk nooit DKNT se toptien gaan haal nie.

* * * *

Pedro Diedericks loer oor sy bril. My artikel lê oopgesper voor hom. Soos 'n Jack de Ripper-slagoffer. Naak. Oopgevlek. Met rooi spatsels wat elke woord beklad. Soos bloed.

"Gaan was eers jou gesig. Jou onderlaag drup oor jou ken. Dan kom jy terug."

Dit is 1998 en ek is 'n eerstejaar joernalistieke student aan die Technikon Pretoria (nou die Tshwane Universiteit van Tegnologie).

Ek is bang vir meneer Diedericks. Almal is bang vir hom. Hy is soos 'n speurder as dit by taal- en spelfoute kom. En as jy dit verdien trap hy jou sommer voor die hele klas uit.

Ek hardloop na die badkamer. Gits, dink ek. Die man is soos 'n valk. Ek het nie eens gesien dat ek nie my onderlaag behoorlik aangesit het nie.

Bedees stap ek terug na sy kantoor toe. My gesig blink gewas.

"Juffrou Barnard. Sit!" 'n Bevel. "Jou artikel is nie sleg nie. Jy moet net 'n bietjie let op jou redigering. Jy maak simpel foute. Maar ek dink nie jy gaan ooit by 'n dagbladwerk nie. Jy gaan eendag vir *Huisgenoot* werk," voorspel hy sommer net daar my toekoms vir my. Asof hy nou 'n fortuinverteller in 'n obskure karavaan op die platteland is.

"Maar, meneer," mor ek soos net 'n halsstarrige eerstejaar kan, "ek

het juis besluit om joernalistiek te studeer omdat ek moeg was vir drama."

Ek was vyf jaar oud toe ek die eerste keer op die verhoog geklim het. In Standerd 8 (Graad 10) is ek na Hoërskool Pro Arte, Alphenpark, waar ek in drama gespesialiseer het. Na twaalf jaar het ek genoeg gehad van die verhoog en van al die drama-queens. "Ek wil eendag vir *Carte Blanche* werk, meneer. Ek wil 'n ondersoekende-joernalis word."

Hy lag. Kyk na my. Soos 'n oom na sy gunsteling niggie sou kyk. "Jy sal sien. Ongelukkig is hier nog nie poniekoerante in Suid-Afrika nie. Ek dink jy sal 'n goeie poniejoernalis wees," voeg hy as nagedagte by. "Toe, terug klas toe."

* * * *

"Asseblief, Dirk. Ek soek die werk. Ek glo ek kan 'n reuse-sukses daarvan maak."

Dit is Desember 2004 en ek sit soos 'n stoute tiener en smeek vir 'n werk by die koerant.

Ek het die afgelope twee jaar vir swart studente Afrikaans, Engels en kommunikasiekunde geleer, maar die verhouding tussen my en die Departement van Onderwys was verby.

Ek het die vorige aand 'n glas wyn of drie gedrink en ek glo hy kan die wyn aan my asem ruik, maar Dirk Lotriet, redakteur van *Son*, Suid-Afrika se eerste Afrikaanse poniekoerant, lyk nie asof dit hom veel pla nie.

"Rook jy?" vra hy.

"Ja," seg ek.

"Is jy bang vir wat mense van jou dink?"

"Nee," seg ek.

"Ons sal jou laat weet." Daarmee is die onderhoud afgehandel.

Ek strompel by Media 24 se glaspaleis uit. Nie veel hoop dat ek ooit gaan doen waarvoor ek lief is nie. Ek is sleg met onderhoude. Kan myself nie reg bemark en verkoop nie en ek sê altyd die verkeerde dinge.

Twee dae later lui my foon. "Yolanda, jy het die werk gekry. Wanneer kan jy begin?"

Ek stik in my eie spoeg. Weet nie wat om te sê nie. "Dankie," is al wat ek uitkry.

Pedro Diedericks was toe reg.

FEBRUARIE TOT DESEMBER 2005

Sewe jaar na my en Pedro se gesprek in sy kantoor het ek by *Son* begin werk. Ek onthou nog wat ek daardie dag in my dagboek geskryf het:

> 'Ek het vandag begin werk by 'n tabloid. Daar is kaal borste op bladsy drie. Hulle gebruik vrugteslaai-taal. So 'n Afrikaanse/Engelse mengelmoes. Hulle skryf oor hoere en oor Patricia Lewis. (Is sy nie die stok-ou has-been wat haar seuntjie se geboorte op nasionale TV laat uitsaai het nie?) Nota bene: Hoe klink haar musiek?'
>
> Die mense is weird. Ek dink ek gaan van Nardus hou. En ook van Marlise, maar ek hou nie baie van Louis nie. Sy bo-lip is permanent onder sy neus. Stink ek dalk? Die koerant is niks anders as 'n hoerant nie. Waar op aarde gaan ek stories kry? Gaan ek ooit 'n gerekende, gerespekteerde joernalis wees?'

Ek was rou. Ondervinding: Amper nul. Kontakte: Twee. Gepubliseerde stories: Sowat vyftig.

Maar ek het vir Marlise Scheepers gehad, en vir Dirk.

Die dag het mooi begin. 2 Februarie 2005. Ek het vroegoggend na die sonopkoms gekyk. En gebid. Ek het geglo dat die Liewe Vader die werk op my pad gestuur het. Ek het geglo dat ek 'n verskil kan maak.

Seweuur die oggend was ek by Media 24 se glaskantore in Johannesburg. Dit is seker enige Afrikaanse joernalis se droom om vir dié groep te werk. Ek staan voor die glasdeure. Haal diep asem. My hart klop benoud. "Wat as …?" vra die swartvlerk-engeltjie … "wat as jy nie goed genoeg is nie? Wat as jy nie kan skryf nie?"

"Nonsens," kap witvlerkies terug. "Jy is goed genoeg."

Ek sit in die voorportaal. Niemand is nog daar nie. Ten minste nie een joernalis nie. Net die boontjietellers – soos wat joernaliste die administratiewe personeel gedoop het.

Eers negeuur draf ek op na die tweede vloer. Nou wil ek rook. Ek kyk rond vir 'n rookkamer. 'n Wilde krulkop-meisie lees *Beeld* en trek aan haar sigaret. "Môre," sê sy. "Is jy dalk Yolanda?" Ek is verstom. "Toemaar, Thea het my laat weet dat jy oppad is. Ek is Marlise. Marlise Scheepers." (Eers later het ek gehoor almal noem haar 'Snoek'.)

"Ek hoor jy was al seweuur hier. Is jy fokken mal? Ons begin eers half-tien werk en as jy 'n babelaas het kan jy eers tienuur inkom."

Ek het begin uitvra. Oor *Son*. Oor joernalistiek. Marlise het nie meer sterre in haar oë gehad nie. Om die waarheid te sê, haar oë was rooi. Sy het moeg gelyk.

"Poniekoerante is seker die lekkerste koerant om voor te werk. Ons skaats gewoonlik op dun ys. Ons moet net seker maak dat die ys nie breek nie."

"En die bekendes?" het ek gevra. "Ek hou nie regtig van Afrikaanse musiek nie. Ek weet wie is Bles, Koos, Pieter, Patricia, Amor, Joost, Dozi, Theuns. Dit is omtrent dit."

"Dit is die groottes, maar die schleps ('celebrities') is baie bang vir ons. Vermaaklikheidsjoernaliste was in die verlede niks anders as handjieklappers nie."

"Ons wys die publiek dat bekendes ook hulle foute het. Foute maak. Maar dat die kuns wat hulle nog moet aanleer is hoe om hulle foute met grasie te erken."

Sy het verder verduidelik. "Ons het ook ons A-lys-celebrities. Dit is mense soos Dozi, Juanita, Steve. Ons skryf verál oor hulle. Dit is hulle gesigte wat koerante verkoop."

"Ek ken niemand nie," het ek benoud gekerm.

Sy het gelag. "Glo my, die bedryf is baie klein. Binne die volgende paar maande sal jy almal ken."

Marlise het nie oordryf nie. Teen die einde van 2005 het ek omtrent al die Afrikaanse sangers geken. Of van hulle geweet. Die meeste akteurs al ontmoet en 'n glasie saam met TV-aanbieders geklink. Ek het ook teen daardie tyd lief geraak vir Afrikaanse musiek.

Sommer al die eerste dag het Marlise my saamgesleep na 'n opname van *Voorblad* (een van kykNET se programme).

"Ons werk nogal baie saam met *Voorblad*. Rian (van Heerden) voer onderhoude met mense wat vir ons ook potensiële nuusstories kan wees."

Ek het vir Rian van Heerden ontmoet. En ek het dadelik van hom gehou. Snaaks, aantreklik, slim en so skerp soos 'n Jannie Moolman-noot.

"Ek dink ek is verlief op Rian," het ek skaamteloos aan Marlize erken.

Sy het diep uit haar maag gelag. "Fok, Yolanda, Rian van Heerden is gay. Almal in die bedryf weet hy is gay. Hy moet net uit die kas uitklim."

"Nee," het ek verstom gesteun. "Hy lyk nie gay nie. Hoekom het jy nog nie daaroor geskryf nie?"

Ek het my eerste les in poniejoernalistiek geleer. "Rian is 'n ongelooflike nice mens. 'n Mens trap nie op nice mense nie. Nie eens as jy 'n skinderjoernalis is nie. Ek glo hy sal eendag self sy storie met die wêreld deel. Wie gee in elk geval om of Rian gay is of nie?"

Maar ek het sowat agt maande later daardie les vergeet en het op 'n baie gemene manier op Rian getrap.

Die eerste paar maande by *Son* was rof. 'n Mallemeule van name, sigarette, drank en woorde. Ons was net vyf. Ek, Marlise, Nardus, Louis en Werner (die fotograaf).

Die ander koerante het *Son* as 'n stiefsussie beskou. Ons is in 'n beknopte kantoor ingedruk en ek moes 'n volle maand wag vir my rekenaar. Nie dat ek nie gekla het nie, maar ek het geleer: boontjietellers se tyd is hulle eie.

Ek het elke aand van my lewe in kroeë rondgehang. Mense ontmoet. Na stories geluister. Ek het in daardie stadium net oor gewone mense geskryf. Hulle pitswere en einas. Ek het vinnig geleer dat 'n joernalis nooit, maar nooit, subjektief by mense betrokke mag raak nie.

Ek het kort nadat ek by *Son* begin werk het 'n storie geskryf oor 'n vrou wat deur demone geteister word.

Ek was baie ontsteld en het met my NG-dominee daaroor gesels. Hy het gesê, "vertrou jou instink en vertrou op God." Ek kon in die nagte nie slaap nie. Die vrou se storie het my geruk. My laat wonder en my laat dink.

Ek wonder tot vandag toe wat van haar geword het.

Dirk het gereeld vir ons lesse in tabloid-joernalistiek gegee. "Kyk na nuus uit 'n ander ooghoek. Soek die obskure. Kyk na detail. Soek die mens agter die nuus. Ons wil nie dieselfde stories as die dagblaaie doen nie," het hy dikwels gesê. Sy sigaret altyd in sy mond.

En ek het by hom geleer. Soveel as wat ek kon. Maar dit was eers vier maande later dat ek my eerste skandaal oor 'n bekende geskryf het.

Ek blameer tot vandag toe my prokureursvriend dat hy ooit die storie met my gedeel het, want daardie storie het my aan die wêreld van sangers en akteurs bekendgestel. 'n Wêreld waar almal oor mekaar skinder en waar niks heilig is nie. Maar ek het in 'n stormagtige liefdesverhouding met daardie wêreld betrokke geraak. Wonderlike vriende gemaak wat my trane afgedroog het, wat my vertrou het en steeds vertrou.

Maar ek het ook vyande gemaak, waarvan Steve Hofmeyr my nemesis sou wees.

Ek het besef dat die wêreld van seks en skandale my soos 'n handskoen gepas het.

* * * *

"Ek het vir jou nuus, as jy gaan belangstel."

Alan Komar snuif. Dit is Junie 2005. Winter en die verkoue maak sy neus toe. "Ek kan jou nie hoor nie, Alan?" Hy snuif weer. "Ek het vir jou 'n lekker celebrity-skandaal. Stel jy belang?"

Ek is onmiddellik nuuskierig. "Wie is die celebrity?"

"Theuns Jordaan." Snuif-snuif. "Ek verteenwoordig die ou wat hom wil dagvaar en CCMA toe wil sleep. Kan ek 'n afspraak reël?"

Twee dae later het ek vir Remo Barocci ontmoet. 'n Boertige half-Italianer. Ons het in Hatfield oor 'n koppie koffie ontmoet.

"Vertel jou storie," het ek sommer dadelik na die standaard kletsies met die deur in die huis geval. "Theuns het my oor 'n misverstand gefire. En nou wil ek hom vir R96 000 dagvaar. Dit is die kort en die lank van die storie. Maar ek sê jou: Theuns is 'n buffel en 'n doos. Geen wonder niemand wil vir hom werk nie."

"Ja, ja, Remo, ek wil nie die byvoeglike naamwoorde hoor nie. Ek wil jou storie hoor."

"Maar hy is 'n doos …"

En toe val Remo weg. "Ek was 'n bemarkingbestuurder en het 'n vet salaris verdien, maar Theuns het my verlede jaar (2004) gevra of ek nie vir hom wil werk nie. Jy weet, klank ronddra, konserte bespreek. Sulke goed. Ek het net 'n maand vir hom gewerk, toe fire hy my. Nou sit ek met niks op my naam nie. Ek het niks verkeerd gedoen nie. Ek het die hele Desember soos 'n slaaf vir hom gewerk. Die middag voordat Theuns in Gansbaai sou optree het, 'n logistieke misverstand tussen ons ontstaan. Theuns wou nie na rede luister nie. Hy het my sommer gefire."

"Theuns het nie die kontrak nagekom nie en Remo het die reg agter hom," val Alan hom in die rede.

"En die ergste is toe ek vir Theuns sê dat ek hom gaan dagvaar, toe sê hy dat hy my eers gaan bliksem en dan dagvaar hy my vir naamskending." Sy gesig skoon rooi van verontwaardigheid.

Ons het nog so 'n uur gesels voordat ek kantoor toe is om die storie aanmekaar te gaan timmer. Net voor saktyd, die Woensdagaand, het

ek vir Theuns om kommentaar genader. Hy was woedend en het ons gedreig met 'n dringende interdik om die storie te keer. My heel eerste interdik-dreigement.

Ek was wit. Ek het na Dirk se kantoor gestorm. Die reuk van sout-en-asyn het my asem amper weggeslaan. Eers later het ek gewoond geraak aan die reuk van Dirk se stapeldieet: 'n olierige Russian en sout-en-asyn chips.

Dirk het gelag. "Nee wat, ou Theuns kan maar dreig. Geen hof sal 'n interdik oor so 'n storie toestaan nie."

Theuns het toe nie 'n interdik gekry nie en ek het net geskryf dat hy nie wou kommentaar lewer nie.

Sowat 'n week later het Remo en Theuns vir R20 000 geskik.

Ek het in daardie stadium glad nie vir Theuns geken nie. Ek het maar net gehoor dat die mense dink hy is 'n buffel en onbeskof.

Drie aande later het ek vir Theuns ontmoet. Laat die aand. In Firkin, 'n kuierkroeg in Centurion.

* * * *

Neels Venter bel. "Yolanda, kom kuier vandag saam met ons by Café Barcelona. Ons hou ons jaarlikse rock-show en kunsuitstalling. 'n Paar digters gaan ook optree."

Neels is 'n kunstenaar. Neels het lang hare. Neels het 'n hees stem wat enige vrou (of selfs man) laat swymel. Pure plesier.

Ek het pad gevat. Dis 'n koue Saterdagmiddag en ek het die manne van Rooibaardt ontmoet. Vir Dana Snyman. En vir Gert Vlok Nel. Die skrywer van Beautiful op Beaufort-Wes is 'n skaam, eksentrieke kalant en kruip nie maklik uit sy gat uit nie.

Teen tienuur die aand was ek verveeld, maar het by die kroeg saam met Gert rondgehang.

Nog 'n rocker het langs hom gestaan. Hy is vandag 'n redelike hoogaangeskrewe musikant. Hy het elke dan en wan na agter verdwyn. Sy asem het na dagga geruik. Sy oë vaal. Die grootste openlike geheim in die rock-bedryf is dat omtrent almal dagga rook, het ek daardie aand geleer.

Die gesprek tussen hulle het so verloop:

"Alles is fucked-up," sê Gert.

"Sela," sê die rocker.

"Fucked-up," sê Gert.

"Sela," sê die rocker.

En so het hulle vir 'n goeie vyftien minute aangehou, totdat ek hulle met 'n shooter probeer stil kry het.

"Jägermeister," sê Gert.

"Sela," sê die rocker.

Gert het my leer Jägermeister drink en tot vandag toe is dit my gunsteling shooter.

Later het my goeie vriendin, Marlize Redelinghuys, gebel. "Yolla, ek dink jy moet Firkin toe kom. Theuns Jordaan is hier. Hy sit alleen by die kroeg en drink."

Dit was tyd om te ry. Die rock-pretensies het my hoeka verveel en ek wou graag vir Theuns ontmoet.

Ek het reguit na hom toe gestap. "Ek is Yolanda Barnard." Dit het gelyk asof hy my wou klap. Sy oë was rooierig. Na 'n paar sekondes – vir my het dit soos 'n ewigheid gevoel – het hy my na sy huis toe genooi vir 'n onderhoud. "Leer my ken," het hy gesê.

"Ek is nie so 'n groot buffel soos wat almal dink ek is nie. Ek is net 'n baie private mens en praat oor niks anders as oor my musiek nie."

Die Dinsdag was ek by Theuns se huis. Hy het 'n sweetpakbroek – met gate in – aangehad.

Daar was nie gordyne voor sy vensters nie. "Ek het pas hier ingetrek," het hy verskoning gemaak.

"Hoe lank bly jy al hier?"

"'n Jaar."

Lizette van Rensburg het toe al vir Theuns begin werk. Lizette is die eerste en enigste agent/bestuurder wat nie vir Theuns bang was nie. En nou na vier jaar is sy steeds die persoon wat die naaste aan hom is. "As Theuns my rondjaag, jaag ek hom terug rond," het sy al verklap.

Ek het daardie dag 'n kant van Theuns leer ken waarvan ek baie gehou het.

Eers baie jare later het ons regtig van mekaar begin hou. Altans so hoop ek.

'n Vriendin het eendag opgemerk: "Theuns haat joernaliste, veral vermaaklikheidsjoernaliste. Ek dink hy gaan jou eers vertrou as jy vir *Landbou Weekblad* werk."

Dit was ook nie die laaste storie wat ek oor Theuns geskryf het nie.

* * * *

Ek het die aand in Café Barcelona 'n storie gehoor wat my hare laat rys het. My bron – 'n redelike bekende in die musiekkringe – het my vertel dat Blackie Swart glo kunstenaars se tantiemes (royalties) steel.

"Regtig?" het ek geskok gefluister. Baie dinge en stories in die bedryf het my in daardie stadium verbaas. "Maar Blackie is dan ons 'Liewe Lulu'-man? Hy lyk nie vir my soos 'n dief nie."

Die bron het gesnork. "Jy is nog baie naïef. Blackie is alles behalwe 'n engeltjie. Praat met Charles van Beeskraal. Hy sal vir jou rillerstories vertel."

Die Maandag het ek vir Marlise uitgevra oor Blackie.

"Die ou is nie te bad nie," het sy gesê, "maar ek hoor ook net stories van sy oneties manier van dinge doen. Bel vir Lydia Winchester. Sy is by Beeskraal en Blackie betrokke. Sy is hulle skakelbeampte. Sy weet alles."

* * * *

Lydia Winchester is al soos 'n meubelstuk in die vermaaklikheidsbedryf. Sy kan glad nie sing nie. Om die waarheid te sê, sy klink soos 'n bronstige kat op 'n sinkdak as sy eers die Rina Hugo-treffer, 'Môre lyk dit anders', begin sing. Haar glas witwyn is omtrent altyd in haar hand. In die ander haar sigaret. Haar hare is rooi. Kort. Regop gejel. Soos 'n kuifkop-voël wat reg is vir 'n groot makietie. Sy het drie mowwe – Maltesers – wat haar kinders is, want Lydia het nooit kinders gehad nie. Die mowwe is stout. Hulle steel snoepies uit jou bord. Hulle tjank-tjank om jou voete, maar Lydia is blind en doofstom as dit by haar mowwe kom.

Nie lank gelede nie het twee van haar mowwe besluit dit is nou paringstyd. Sommer reg voor die oë van geamuseerde gaste het hulle begin hyg en kwyl. "Lydia, jou honde pomp mekaar," het Angola Badprop haar aandag op die toneeltjie in die tuin gevestig. Haar reaksie was 'n soprano-laggie. En: "Seks julle lekker, ma se mowwe?"

Sy het 'n wonderlike man. Byvoeglike naamwoorde sal ver te kort skiet as 'n mens moet begin om vir Peter Winchester te beskryf.

Lydia noem hom Poepies.

Maar Lydia se hart is so groot soos Suid-Afrika se landskap. En sy is lief vir musiek. Lief vir Afrikaans. Lief vir Rina Hugo. Vir Anneli van Rooyen. Vir Bles Bridges. En vir al die opkomende sangers wat onder haar musiekvlerk skuil. Al weet Lydia, en al weet die joernaliste, dat

haar nuwe sangers nooit hul merk in die Afrikaanse mark gaan maak nie. Party van hulle is sommer pleinweg vals. Ander is gym-fabrieke. Lyk asof hulle bemarkers vir USN is. Tog bly Lydia glo dat almal 'n plekkie in die mark het. Na alles is sy darem al 22 jaar lank 'n skakelbeampte. En Lydia weet alles. Marlise was, soos gewoonlik, reg.

* * * *

"Hallo, Lydia. Yolanda Barnard wat praat. Ek bel van *Son* af."

"O, is jy die nuwe joernalis?" Stilte. "Fokof, Andietjie, jy is onder ma se voete. Ek is besig met 'n oproep."

"Skuus, die mowwe soek vandag weer net aandag," sê Lydia. "Excuse me for you."

Een van haar gereelde sê-dinge waaraan ek oor die jare gewoond sou raak.

Ek het haar begin uitvra. "Gits, ek het nog nie van die Blackie en Beeskraal-storie gehoor nie?"

"Bel self vir Blackie en vra hom wat aangaan."

Sy het nog so 'n rukkie gesels en my toe op haar gastelys gesit. "Ek sal jou nou na die partytjies nooi," het sy verklaar en weer luidkeels op Andietjie gevloek.

Dit was Lydia Winchester.

Ek het vir Blackie gebel, en ek moet sê die man het die bewerings met baie grasie hanteer.

Beeskraal, wat vandag al elf jaar oud is, het 'n platekontrak by Blêr Produksies – Blackie se platemaatskappy – gehad.

Beeskraal het in daardie stadium bestaan uit Charles Schmit, Jaco van Deventer. Michael van Zyl en Werner Fenshen. Beeskraal was op hulle laaste bene, het die mense geskinder, en hulle het geglo dat Blackie hulle sou kon help om weer die suksesvolste groep in die land te word.

Beeskraal se voorsanger, Charles, het beweer dat Blackie hulle nie 'n sent tantiemes vir hulle CD, *Plaasdorp*, betaal het nie. En dat hy hulle CD vir eie finansiële gewin bemark het. Blackie het teruggekap en gesê dat hy Beeskraal hof toe gaan sleep vir laster. En boonop is Beeskraal se tyd, volgens hom, verby. Beskuldigings het oor en weer gevlieg.

Ek het twee stories oor dié sage geskryf. Die eerste onder die opskrif 'Blackie blêr en Beeskraal bulk'. 'n Oulike alliterasie van die 'b'. En 'n week later 'Blackie is nie 'n royalty-dief nie'.

In retrospek dink ek albei partye het verkeerd opgetree. In die vermaaklikheidsbedryf is daar altyd stories van iemand wat iemand anders uit geld verneuk. Oeroue stories.

Maar die Beeskraal-sage was nog nie op 'n einde nie. Want skaars 'n maand daarna het Jaco van Deventer – wat die groep se konsertina gespeel het – besluit om 'n solo-loopbaan te begin. Hy was amper astrant-reguit oor Beeskraal se toekoms. "Beeskraal is op sy laaste bene. Hulle musiek is uit die oudedoos. Dis verby," het Jaco beweer.

Ek het 'n storie geskryf en Charles was smoorkwaad vir my. "Ek sal jou met 'n blompot doodbliksem," was die boodskap wat ek via vriende gekry het.

Ek en Charles – vandag noem ek hom Charlie – het later oor 'n bier vrede gemaak. "Moenie die boodskapper skiet nie," het ek daardie dag vir Charles gesê. "Jaco het dié dinge beweer en ek het daaroor berig. Onthou koerante is soos spieëls. Ons skryf net wat in die spieël weerkaats word."

Charles het verstaan. Hy en Blackie en Jaco het kort daarna die vrede van die groot B's gesluit. En ek en Charlie is nou-nog goeie vriende.

* * * *

In Julie 2005 het Sunette Bridges haar CD, *Sprokie*, by die Centurion-teater bekendgestel. Ek is na die bekendstelling genooi.

Dit was Sunette se tweede CD na haar pa, Bles, se dood. Sy het self die CD opgeneem en daarvoor betaal. Dit kos amper R80 000 om 'n CD op te neem. En amper almal het lekker daaroor geskinder.

"Sy het seker die geld wat Louis (van Wyk) na hulle egskeiding aan haar betaal het gebruik, want Sunette kan nie sing nie," het die spul eenparig gekoor.

Sy het na haar (ekskuus) vierde egskeiding haar platekontrak by EMI (Steve Hofmeyr behoort ook aan hierdie platemaatskappy) verloor. Sy het beweer dat Louis haar uit haar kontrak gewerk het, want hy en Irving Schlosberg (EMI se baas) is baie goeie vriende.

Maar later het ek verneem dat Sunette nie 'n winsgewende sangeres is nie.

Sy en Skip was in daardie stadium 'n paartjie. Sy het vir Louis met Skip verneuk en almal het geglo dat dit meneer Bridges nommer vyf gaan word.

Ek het van Sunette gehou. Sy is baie mooi. Ek het nie gedink haar

stem is te sleg nie en sy is baie vriendelik.

Terwyl Sunette net tande vir die media geflits het, het ek met 'n paar ander sangers geklets. Een van hulle was Bobby van Jaarsveld. Hy was maar in matriek. Het toe al begin stry tussen goed en kwaad. Tussen die duiwel en die Here. Tussen drank en water.

'n Arme, onsekere kind. 'n Mooi kind wat baie goed kan sing. Blackie Swart was sy platebaas en het Bobby met 'n ystervuis beheer. Bobby het baie gedrink en baie skool gebank.

Blackie wou nie gehad het dat Bobby in so 'n jong stadium aan die naarhede van die vermaaklikheidsbedryf bekendgestel word nie en wou ook nie gehad het dat Bobby so baie moes drink nie.

Bobby het gerebelleer. Hy was toe maar net agtien jaar oud. "Blackie wil hê ek moet huis toe gaan, maar ek wil nie," het Bobby gesleep. "Ek wil ook nie môre skool toe gaan nie," het hy bitterbek gebrom.

Sunette het sowat twee aande na haar CD-bekendstelling aan Skip verloof geraak. Sy het begin pak. Haar twee kinders by 'n privaatskool ingeskryf. Sy was vir die vyfde keer reg om te trou.

Sowat 'n week later het ek weer vir Sunette by die bekendstelling van die *Vuurwerke*-vertoning (met haar, Hugo, Jannie Moolman en Karla du Plessis) raakgeloop. Aan haar vinger was 'n blink diamant. "Ek is verloof," het sy trots vertel. En die ring vir almal wat wou sien gewys.

Sunette het haar sprokie gekry, maar die hekse het gebrom. "Die arme Skip. Ons weet nie wat hom besiel het om aan haar verloof te raak nie. Sy is soos 'n wyfiespinnekop. Speel met mans, en as sy klaar is met hulle, sluk sy hulle lewendig in."

Ek was sommer vies vir die skinderbekke. "Sunette is baie oulik. Los haar uit," het ek bitsig gekeer.

Twee maande later het die arme Skip besef wat hom besiel het en hy het vir Sunette per SMS gelos. Twee dae voordat die storie *Beeld* se voorblad gehaal het, het ek daarvan te hore gekom.

Dit was 'n Woensdagaand en ek was oppad na 'n CD-bekendstelling toe. Dit was die eerste CD wat Andries Botha (voorheen van Georgia) opgeneem het, maar die sangeres, Heidi, het nie veel verder gekom as haar eerste CD nie. My foon het gelui. 'n Kontak het laat weet: "Skip het vir Sunette gelos."

Ek het dadelik vir Dirk gebel. Ek het ook begin rondbel. Probeer uitvind of daar enige waarheid in die gerugte steek. Niemand het geweet nie en Sunette het ook nie haar foon geantwoord nie.

Die koerant moes sak en ons het besluit om nie die storie te skryf

nie. “Dit is baie riskant, Yolanda. As dit nie waar is nie kan Sunette ons vir baie geld dagvaar.”

Ek het amper in my spek gestik toe ek die Vrydagoggend *Beeld* oopslaan. Die storie was daar. Die joernalis het oor minder feite beskik as wat ek gehad het. Ek het ’n scoop verloor. Dit was die eerste keer. En ek het gehuil.

* * * *

Dit is baie koud. Hier waar sy in ’n warm jas buite Carnival City staan en rook.

Sy sien hom dadelik raak. Die reus met die krulkop. Aan sy sy is ’n klein donkerkop meisietjie. Seker so 22 as sy moet skat. En die reus raak-raak ook al aan veertig.

Sy stap nader en stel haarself voor. Die reus kyk af na haar. Spring dadelik op sy agterpote. “Julle by *Son* sien dalk alles, maar julle hoor nie altyd reg nie,” beskuldig hy.

Dit is Dozi en hy was die afgelope paar maande gereeld in die spervuur oor sy drinkgewoontes. Hy sluk sommer ’n hele bottel Zambuka voor verhoogoptredes en dan skreeu en vloek hy sy aanhangers dat nie eens al Hartbeespoortdam se water hulle kan skoon was nie. Die stories wou maar net nie ophou nie en Dozi was teen die tyd ook moeg om vure dood te slaan.

Sy baklei dadelik terug. “Hoor hier, ek het nie die stories geskryf nie. Ek is maar nou eers ’n paar maande by *Son*. En jok ons as ons skryf dat jy baie drink?”

Hy het stil gebly en toe begin lag. Dondernote wat in die lug gehang het. “Nee, jy is reg. Ek drink baie.”

Sy stap saam met hom kroeg toe en bestel ’n dop. En twee Zambukas.

Eers later hoor sy dat die meisie aan sy sy se naam Aneldi Oosthuizen is. “Dozi hou van die jong bokkies,” skinder iemand.

Na haar tweede glasie wyn sien sy hom. Hulle oë ontmoet. Sy vergeet van alles rondom haar. Hy stap na haar toe. “Ek is Gian Groen.”

“Ek weet ja.”

Vir die eerste keer sedert sy as vermaaklikheidsjoernalis begin werk het, is sy star-struck. “Ek is mal oor ‘Vier Seisoene Kind’,” blaker sy.

“Ek ook.”

Hy lag.

Later die aand wil haar sussie ry. “Bly nog,” smeek Gian.

"Sal jy my môre huis toe vat?" vra sy.

Hulle kuier. In sy hotelkamer. Hulle praat. Baie. Gian is getroud. Hy bly in Grabouw in die Kaap. Hy beplan om sy eie kuierkroeg/restaurant te begin. Sy liedjies kom uit sy siel uit. Nie uit sy pen nie.

Sy is verlief. Punt. Maar sy weet dat niemand ooit hoef uit te vind dat sy haar hart op 'n getroude man verloor het nie. Sy gaan ook niks daaraan doen nie. Sy leer. Die liefde in die vermaaklikheidsbedryf maak seer.

* * * *

Die maande het vinniger as 'n straler verbygevlieg en toe ek weer my oë uitvee, was ek al sewe maande by *Son*. Die redaksie het intussen ook baie verander. Marlise is na *Beeld* toe. Nardus en Louis het by *Nova* begin werk. En ons het 'n nuwe personeellid bygekry. Estee Booyens. Voorheen 'n senior joernalis by *Vrouekeur*.

Son het intussen 'n paar baie goeie vriende gemaak. Teen daardie tyd het die bekendes geweet waar hulle met *Son* staan en baie van hulle het eerder soos straatbrakkies aan die baas se hand kom lek. Ander het ons letterlik gesmeek vir publisiteit.

Een van die koerant se vriende was Neil Sandilands, beter bekend as Bart van *7de Laan*.

Neil en Dirk het vriende geword. Soort van. Dirk was Neil se biegvader. En het Neil baie gehad om oor te bieg. Van sy drinkgewoontes tot by sy sekslewe. In daardie stadium het hy af-en-toe Karin Eloff (toe redakteur van *Loslyf*) se bed warm gehou. Hy wou so graag in 'n verhouding betrokke raak, maar sy kop het erger geraas as Metro FM se musiek.

Die arme Neil. En *Son* se joernaliste het vir Neil beskerm. So het ons almal vriende gemaak wat ons wou beskerm.

'n Vermaaklikheidsjoernalis moet nooit goeie vriende met bekendes word nie," waarsku Mark Frith, oudredakteur van *Heat*, in sy boek, *The Celebrity Dairies*.

Goed en wel, Mark, het ek gedink nadat ek die boek klaar gelees het. Jy bly nie in Suid-Afrika nie. Jy is 'n stywenek Brit, nie 'n Afrikaner nie. Jy ken die bekendes nie op persoonlike vlak nie. Jy weet nie wat hulle seer en hulle pyn is nie. Jy leer nie om hulle met jou hele lewe te vertrou nie. En julle Britte het ook nie respek vir die bekendes nie.